

Deeglik toegerus vir ons roeping (OP41)

Num 8-9

23 Mei 2021

Ek wil vandag Num 8 en 9 hanteer. Dit is 'n redelike lang gedeelte, en ek gaan dus nie vooraf deur die hele gedeelte lees nie – ek wil eerder soos ons vorder relevante gedeeltes lees. Miskien wil jy eers dit op jou eie deurlees voor jy verder luister.

Tot dusver het ons die volgende gesien: In Numeri 5-6 het ons geleer hoe die volk hulle moes reinig. Aan die einde van hoofstuk 6 vind ons daardie heerlike seën van die Here: “Die Here sal jou seën en behoed, die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees, die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.” En in Num 7 het ons geleer van die offers wat die volk gebring het met die oprigting van die tabernakel: hulle het waens en osse gebring, as ook 'n verskeidenheid van offers wat oor 'n feesperiode van twaalf dae gebring is. Vandag wil ek begin by Num 7:89, alhoewel ons laasweek ook al daarvoor gepraat het.

Vanaf Num 7:89 tot die einde van Num 9 is daar 5 duidelik onderskeibare gedeeltes:

- Moses in gesprek met die Here (Num 7:89)
- Aäron en die kandelaar (Num 8:1-4)
- Die reiniging van die Leviete (Num 8:5-26)
- Die tweede paasfees (Num 9:1-14)
- Die wolk oordek die tabernakel (Num 9:15-23)

Kom ons kyk kortliks na elkeen van hierdie 5 gedeeltes:

1. Moses in gesprek met die Here (Num 7:89)

Lees Num 7:89. Ons lees hier dat telkens wanneer Moses met die Here gaan praat het in die tabernakel, het die Here met hom gepraat. Ons lees spesifiek dat die Here van bo die versoendeksel wat bo-op die verbondsark was, van tussen die gerubs, gepraat het. Duidelik het hierdie gesprekke in die Allerheiligste plaasgevind – dit is tog waar die verbondsark gestaan het. Moses was dus die tussenganger tussen die volk en die Here.

2. Aäron en die kandelaar (Num 8:1-4)

Lees Num 8:1-3. Hier is 'n opdrag van die Here deur Moses aan Aäron. Hy moes die lampies vassit aan die kandelaar. Die kandelaar het natuurlik in die Heilige gestaan. Daar was 7 sulke lampies aan die punt van elkeen van die arms van die kandelaar. Aäron moes hierdie lampies so vassit dat hulle lig na die voorkant van die kandelaar gee. En dan lees ons Aäron het dit gedoen. Met die eerste kyk, lyk dit na 'n ietwat vreemde opdrag – daar is immers baie meer take wat in die tabernakel verrig moes word. Hoekom word juis hierdie aspek hier uitgelig?

Om te begin om dit te verstaan, moet ons twee dinge onthou: (1) Aäron was die hoëpriester (2) Die kandelaar het teen die suidelike muur van die Heilige gestaan. Teen die noordelike muur het die tafel met die toonbrode gestaan. As Aäron nou moes seker maak dat die lig van die 7 lampies vorentoe skyn, sou dit tot gevolg hê dat die lig juis op die tafel met die toonbrode val. Ons kom netnou terug hierna.

3. Die reiniging van die Leviete (Num 8:5-26)

Lees Num 8:5-12. Ons lees hier dat die Leviete afgesonder moes word van die res van die Israeliete en gereinig moes word. Ons het al vantevore in Num 3:40 gelees dat die Leviete vir diens afgesonder moes word in die plek van die eersgeborenes wat aan die Here behoort, siende dat die Here die eersgeborenes van die volk gespaar het tydens die tiende plaag – lees Num 8:16-18. Die prosedure wat gevolg moes word, word nou hier beskryf: Daar moes reiningswater oor hulle gesprinkel word. Hulle moes al hulle hare afsny en hulle klere was. En hulle moes twee bulle as offers bring: een as 'n sondeoffer en die ander as 'n brandoffer. Dan moes die Leviete as 'n beweegoffer aangebied word – dit het beteken die volk moes hulle hande op die Leviete plaas wanneer hulle voor die Here beweeg is, en die Leviete moes hulle hande weer op die koppe van die twee bulle sit. Die simboliek was dat die verantwoordelikheid wat op die volk gerus het om hulle eersgeborenes aan die Here te gee, hierdeur oorgedra word na die Leviete, en die Leviete dra op hulle beurt dit oor aan die bulle, wat dan aan die Here geoffer word.

In vers 19 lees ons die Leviete het twee rolle vervul: (1) Hulle was 'n gawe aan Aäron en die priesters om namens die Israeliete dienswerk in die tabernakel te verrig. (2) Hulle moes voorkom dat 'n ramp die Israeliete sou tref indien die volk te naby aan die heiligdom sou kom, hulle was m.a.w. 'n buffer tussen die volk en die tabernakel – ons het al vroeër gesien hulle het tussen die volk en die tabernakel gekamp.

4. Die tweede paasfees (Num 9:1-14)

Lees Num 9:1-5. Hier volg die opdrag aan die volk dat hulle die paasfees moes vier op die 14 de dag van die eerste maand, m.a.w. twee dae na die 12 dae lange fees waarvan ons laasweek gelees het, afgehandel was. In Eks 12 en 13 kan jy heelwat meer oor die paasfees gaan lees. Daar lees ons dat die paasfees ingestel was met die uittog – ook op die 14 de van die eerste maand. Onthou, hier in Numeri 1-10 is ons aan die begin van die tweede jaar na die uittog. Die eerste paasfees was dus 'n jaar vantevore. Dit het saam met die fees van die ongesuurde brood gebeur – wat op sy beurt sewe dae geduur het. In Eks 12:14 word daar duidelik gesê dat die paasfees 'n gedenkdag moet wees – hulle moes deur die paasfees herinner word aan hulle verlossing deur die Here uit Egipte. Uit Eks 13:4-6 is dit egter duidelik dat daar ook die verwagting was dat die Here hulle nie net uit Egipte sou verlos nie, maar ook dat hulle die beloofde land sou ontvang. Daar word deur kommentatore gespekuleer dat n.a.v. Eks 12:25 en 13:4-6 kon die volk onder die indruk gewees het dat hulle moet wag met die jaarlikse viering van die paasfees tot nadat hulle in die beloofde land aangekom het, en dat dit die rede is waarom die Here hier in Num 9 pertinent die opdrag gee hulle moet alreeds hier by Sinai die fees vier, nog voor hulle in die beloofde land is.

Lees Num 9:6. Daar was egter persone onder die volk wat onrein was, omdat hulle aan 'n lyk geraak het, en wat dus nie die paasfees kon vier nie. Hulle het die saak na Moses gebring, en Moses het dit na die Here gebring. Die antwoord van die Here is in Num 9:9-12: Die Here maak 'n vergunning aan diegene wat onrein was, of op reis was, om 'n maand later die paasfees te mag vier, op voorwaarde hulle vier dit op presies dieselfde manier as wat voorgeskryf was. In Num 9:13 maak die Here egter ook duidelik dit is net vir gevalle waar daar werklik 'n goeie rede was – iemand wat weens roekeloosheid nie deelgeneem het aan die paasfees nie, moes van die volk afgesny word. Num 9:14 maak ook nog duidelik dat selfs vreemdelinge wat onder die volk woon, die paasfees moes vier. Uit Eks 12:44 is dit duidelik dat hierdie persone hulle reeds formeel by die volk moes gevoeg het deur hulle te laat besny, voor hulle aan die paasfees mog deelneem.

5. Die wolk oordek die tabernakel (Num 9:15-23)

Lees Num 9:15-18. Hier lees ons dat die wolk die tabernakel oordek het met die oprigting van die tabernakel – dus op die eerste dag van die eerste maand. En die wolk het die tabernakel dag en nag oordek – so was dit deurentyd. Boonop was die volk ook die teken wat vir die volk aangedui het wanneer hulle moes trek, en wanneer hulle moes kamp opslaan. Soms het hulle net iewers oornag, ander kere het hulle vir 'n paar dae, 'n maand of selfs langer op 'n plek gebly, voor hulle verder getrek het.

Die prentjie wat hierdie 5 gebeure skets

Kom ons staan nou bietjie terug en dink oor die prentjie wat geskets word deur hierdie 5 beskrywings: Die eerste saak wat beskryf word, speel af in die Allerheiligste in die tabernakel, en dit handel oor Moses wat die tussenganger was tussen die volk en die Here. Die tweede saak wat beskryf word, speel ook in die tabernakel af, maar die keer in die Heilige. Die keer handel dit nie oor Moses nie, maar wel oor Aäron, wat die hoëpriester was – hy moes seker maak die lampies skyn op die tafel met die toonbrode. Die derde saak wat beskryf word, speel af by die tabernakel – maar nie in die Heilige of Allerheiligste nie. Dit handel oor die Leviëte – hulle was afgesonder vir tabernakel dienswerk, maar net die priesters kon die werk in die tabernakel verrig. Hulle het hoogstens die priesters gehelp, en boonop was hulle 'n buffer tussen die volk en die tabernakel, sodat die volk nie die tabernakel ontwy nie. Die vierde saak handel oor die volk wat die paasfees moes vier – hulle moes hierdeur herinner word aan hulle verlossing uit Egipte en ook aan die feit dat die Here beloof het om aan hulle die beloofde land te gee. Die fees was dus bemoedigend vir hulle. Die Here het selfs toegelaat dat persone wat werklik weens goeie redes nie die paasfees kon vier nie, dit later kon doen. Selfs vreemdelinge kon dit vier. Maar let ook op – dit was nie opsioneel nie, almal moes dit vier. En dan, met die laaste saak is ons terug by die tabernakel, wat gevul word met die wolk.

Ek hoop jy sien die patroon raak: Die vertelling begin in die Allerheiligste, dan die Heilige, daarna die ander dienswerk in die tabernakel, dan die paasfeesviering onder die volk, en laastens weer terug na die tabernakel. Daar is nog 'n patroon: Dit begin met die Here en met Moses, die leier van die volk, daarna wat Aäron moes doen, dan wat die Leviëte moes doen, daarna wat die volk moes doen, en laastens terug na wat die Here doen.

Ten minste moet jy die volgende twee dinge al reeds raaksien: (1) Die Here is direk betrokke in elkeen van die 5 beskrywings – of Hy handel self deur met Moses te praat of die tabernakel te vul, of Hy gee die opdragte wat Aäron, die Leviëte of die volk moes doen. (2) Hier is orde. Die heiligheid van die tabernakel, en dus van God self, word beskerm. En die rol wat elkeen moet speel, word uitgespel – vir Moses, Aäron (en die priesters), die Leviëte en die volk.

Maar onthou wat ons in 1 Kor 10:11 geleer het: “Hierdie dinge is opgeskryf as voorbeelde en waarskuwings vir ons wat in die laaste dae leef.” Hier moet dus nog meer betekenis in wees. Kom ons gaan dink oor hierdie 5 gebeure vanuit 'n Nuwe Testamentiese perspektief en kyk wat ons dan leer.

Nuwe Testamentiese perspektief op hierdie 5 gebeure

In die eerste saak wat ons na gekyk het, was Moses die een wat names die volk met die Here gepraat het. Wat is die situasie vir gelowiges in die Nuwe Testament? Natuurlik wat ons in Rom 8:34 lees, naamlik dat Jesus vir ons pleit waar Hy aan die regterhand van God sit. In Joh 15:15 en in Joh 17:6-8 leer ons dat Jesus alles wat Hy van die Vader gehoor het, aan die dissipels bekend gemaak het. Hy het die woorde wat van die Vader kom, aan die dissipels gegee. In Johannes 14:13-14 lees ons dat Jesus Sy dissipels geleer het dat wat hulle ook al in Sy Naam vra, sal Hy doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. Sien, hier is ook 'n gesprek. Jesus maak aan ons die woorde van die

Vader bekend, en ons kan met Jesus praat. Boonop is Hy ons Voorspraak aan die regterhand van die Vader. Soos die volk vir Moses kon vra, en Moses dan met God gaan praat het, en God dan met Moses gepraat het, so kan ons vir Jesus vra, en Jesus tree vir ons in by die Vader, en Jesus maak vir ons die woorde van die Vader bekend. Moses was die tussenganger tussen die volk en die Here. Jesus is ons Tussenganger tussen ons en die Vader.

In die tweede gedeelte het ons gesien Aäron moes die lampies rig sodat die lig van die lampies op die kandelaar vorentoe val, op die tafel met die toonbrode. Aäron was natuurlik die hoëpriester. Wie is ons Hoëpriester? Hebreërs is baie duidelik hieroor, bv Heb 9:11: “Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou verwesenlik is. Hy dien in die verbondstent wat beter en volmakter is en nie deur mense gemaak is nie...”. Verder moes Aäron die lig van die lampies so rig, dat dit val op die brode op die tafel. Wie is die Lig? Joh 1:9 sê: “Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe”, en as jy die konteks gaan lees dan is dit duidelik dat hier van Jesus gepraat word. Na wie verwys die brood? Lees Joh 6:32-35. Baie duidelik is Jesus die ware brood, wat uit die hemel kom en wat lewe gee. En die kandelaar waaraan Aäron die lampies moes vasmaak? Dit is natuurlik die gemeentes – lees maar weer Op 1:20. Wat ons ook moet onthou dat Aäron as hoëpriester bygestaan was deur die priesters. En wie is nou priesters? Dink aan 1 Pet 2:9 waar ons onder andere lees: “Julle is ... ‘n koninklike priesterdom ... wat die verlossingsdade van God moet verkondig”. Sien jy die punt? Bo en behalwe dat Jesus ons Voorspraak is (soos Moses was), is Hy ook ons Hoëpriester (soos Aäron was), Hy is ook die lig van die lampies wat vorentoe wys, en Hy is ook die ware Brood waarop die lig val. En ons is enersyds priesters wat diens doen in die heiligdom, en andersyds is ons ook die kandelaar wat die Lig (wat Jesus is) laat skyn deurdat ons die verlossingsdade moet verkondig.

In die derde gedeelte lees ons van die reiniging van die Leviëte wat diens moes doen in die tabernakel in die plek van die eersgeborenes. Lees Heb 12:18-21 – ons is nie meer by Sinai nie. Sinai word verbind met die Ou Verbond. Daarom kan ons verwag dat daar ‘n ryker en voller betekenis is van die dinge wat destyds by Sinai gebeur het – soos wat ons nou al gesien het uit die vorige twee beskrywings. Lees Heb 12:22-24. Nee, ons het aanbeweeg en gekom by Sionsberg en die hemelse Jerusalem. Ons het gekom by die feestelike samekoms – onthou ons gaan hierna praat oor die paasfees se vervulling. Ons het gekom by die vergadering van eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is! Onthou, die Leviëte was aangewys as die plaasvervangers vir die eersgeborenes wat aan die Here behoort het, omdat Hy hulle lewens gespaar het tydens die tiende plaag, omdat die bloed van die Paaslam aan die deurkosyne was. Die punt van die Hebreërskrywer is dat ons as gelowiges, ons wat die kandelaar is, ons wat ook die priesters is, ons is nou ook die vergadering van eersgeborenes, in Numeri se taal, ons is ook die Leviëte – want ons het ‘n eenmalige ware Paaslam, wat ook ons ware Hoëpriester is, en ook ons Voorspraak by die Vader!

In die vierde gedeelte lees ons die volk moes die paasfees vier, selfs voor hulle in die beloofde land aankom. Dit was die tweede paasfeesviering, na die eerste paasfeesviering destyds in Egipte. Jare later, met die laaste paasfeesviering stel Jesus die nagmaal in. Soos wat die paasfees ‘n herinneringsmaal was aan die uittoeg uit Egipte, en ook ‘n verwagtingsmaal was dat hulle wel die beloofde land sou binnegaan, sê Jesus in Luk 22:19 die nagmaal moet die gelowiges herinner aan die verlossing wat Hy vir hulle bewerk het aan die kruis, en dat dit die aanbreek van die nuwe verbond aandui. Dit kyk dus terug, maar ook vooruit na die komende bruilofsmaal van die Lam. Maar soos wat ons in Numeri gesien het dat net die wat rein was die paasfees mog gebruik, so leer ons in 1 Kor 11 dat ons die nagmaal ook alleenlik moet gebruik na deeglike ondersoek. Soos wat die paasfees selfs deur vreemdelinge wat besny was, gevier kon word, so kan gelowiges uit alle agtergronde ook

die nagmaal gebruik. Soos wat die gebruik van die paasfees nie opsioneel was nie, so is Jesus se opdrag duidelik: Doen dit tot my gedagtenis!

In die vyfde deel het ons gelees dat die wolk die tabernakel oordek het, en aangedui het wanneer die volk moet trek of kamp opslaan. In Joh 16:7-8 leer Jesus Sy dissipels Hy sal die Heilige Gees as Voorspraak stuur, en Hy sal die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Hy sal oor Jesus getuig, en die dissipels moet ook getuig (Joh 15:26-27). En dan kom 1 Kor 3:16 en sê: “Weet julle nie dat julle die tempel van God is, en dat die Gees van God in julle woon nie?” In Handeling word vertel van geleenthede waar die Heilige Gees Paulus-hulle verhinder het om byvoorbeeld die evangelie in Asië te verkondig – en jy sien iets van die wolk wat vir die volk wys wanneer om te trek, en wanneer om kamp op te slaan.

Gevolgtrekking

Wat is die punt van dit alles? In Numeri 10 vertrek die volk vanaf Sinai. Wat ons hier lees is dus die finale voorbereiding voor die volk vertrek. Die vraag is: Is hulle deeglik toegerus om te vertrek om deur die woestyn na die beloofde land te gaan? Wel, hulle het die heerlike seën van die Here ontvang, waarin Hy onder andere beloof het om hulle by vrede te bring. Hulle het Moses wat met die Here mag praat, en die Here wat antwoord as Moses praat. Hulle het Aäron, wat saam met die priesters die werk in die tabernakel mag verrig, en die lampies se lig vorentoe laat skyn. Hulle het die Leviete wat afgesonder is vir diens in die tabernakel om die priesters te help, en om te keer dat hulle te naby aan die heiligdom kom. Hulle mag, nee, eerder moet, die paasfees vier om hulle te herinner aan hulle verlossing uit Egipte, en die belofte van die beloofde land. En hulle het die wolk wat die tabernakel dag en nag, deurgaans oordek, en wat wys wanneer hulle moet trek, hoe hulle moet trek, en waar hulle moet kamp moet opslaan. As jy na dit alles kyk, moet jy sê hulle was goed toegerus vir hulle tog – en daarom trek hulle in Num 10.

Maar dit is ‘n voorbeeld vir ons, soos wat 1 Korintiërs ons leer. Ons moet ook trek deur ‘n sondegevalle wêreld wat ons moet oproep tot bekering op pad na die ewige heerlikheid. Is ons ook deeglik toegerus vir ons taak?

- Het ons ‘n Voorspraak by die Here? Iemand soos Moses? Ja, ons het selfs iemand groter as Moses – ons het Jesus self! Hy is die Een wat die wil van die Vader ken – immers Hy het dit aan ons kom bekend maak. Hy is die ware Paaslam, wat vir ons geregtigheid bewerk het – in lyn met die wil van die Vader. Dit is op grond van Sy werk, dat die Vader Hom in ons verlustig, soos ons laasweek gesien het. Boonop het Jesus aan ons die belofte gegee as ons Hom enigtiets in Sy Naam vra, sal Hy dit vir ons gee!
- Het ons ‘n hoëpriester soos Aäron? Ja, maar ons Hoëpriester is groter as Aäron – dit is die Here Jesus self – wat eenmalig ‘n volmaakte offer gebring het. Boonop is Hy nie soos Aäron wat maar net die lampies se rigting mooi moes rig dat dit op die brood skyn nie. Hy is die Lig en Hy is die ware brood van die lewe! En ons? Ons is nie meer verbied om die heiligdom te betree nie – nee ons Hoëpriester het vir ons vrye toegang berei tot die heiligdom op ‘n nuwe lewende weg (Heb 10:19). Ons is nou priesters! Boonop is ons ook die kandelaar wat Sy Lig dra, en wat die wêreld moet leer dat Hy die ware Brood is wat lewe gee.
- Het ons Leviete wat as plaasvervaarders van die eersgeborenes die priesters ondersteun in die werk van die tabernakel en keer dat ons nie te naby aan die heiligdom kom nie? Wel, ons is die vergadering van eersgeborenes! Ons het nie meer plaasvervaarders nodig nie. Boonop help ons nie net meer die priesters nie. Ons is die priesters! Moet ons nog gekeer word om nie te naby aan die heiligdom te kom nie? Nee, ons het vrye toegang tot die heiligdom!

- Het ons die viering van die paasfees om ons te herinner aan ons verlossing en die verwagting van die beloofde land? Wel, ons het iets beter as die paasfees. Ons het die nagmaal, wat ons kan vier as herinnering aan Jesus se eenmalige offer, en as verwagting van die komende bruilofsmaal van die Lam.
- Het ons die wolk wat die tabernakel oordek, dag en nag, voortdurend, en wat vir ons aandui wanneer om te trek en wanneer en waar om kamp op te slaan? Wel, ons het meer as dit: ons Het die Heilige Gees! Boonop, oordek Hy nie maar net die tempel waar naby ons nie mag kom nie. Ons is die tempel, en Hy is in ons! En Hy lei ons in ooreenstemming met die wil van die Seun en die Vader. Boonop, as ons nie weet wat om te vra van ons Voorspraak nie, tree Hy vir ons in!

Geliefdes, as die volk destyds behoorlik toegerus was om te trek, ons soveel te meer. Ons het Jesus en die Heilige Gees as Voorspraak. Ons ken die Lig en die ware Brood wat lewe gee. Ons is die kandelaar wat die Lig dra. Ons is die priesters. Ons is die eersgeborenes. Ons is selfs die tempel. Ons kan gereeld bemoedig word deur die nagmaal. Laat ons dan met ywer ons roeping aanpak!